

Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) – Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

AAN: Kerkrade, Leraars en Kerkkantore

15 Mei 2020

Liewe vriende,

ONDERSTEUNING AAN GEMEENTES UIT DIE COVID-19 TERS-SKEMA VAN DIE WERKLOOSHEIDSVERSEKERINGSFONDS

Hierdie skrywe is 'n opvolg op my e-pos van 28 April 2020 onder die opskrif "Werkloosheidsversekering-skema om werkgewers tydens Covid-19 inperking te ondersteun".

1. ALLE GEMEENTES KAN (MOET) AANSOEK DOEN

Die TERS-skema, oftewel "Temporary Employer Relief Scheme", is vir werkgewers wie se bedryf deur inperking geraak word. Dit raak alle gemeentes, wat beteken alle gemeentes kan aansoek doen. Aansoek kan gedoen word vir alle werknemers wat aan die normale werkloosheidsversekeringsfonds behoort.

Baie gemeentes het reeds aansoek gedoen, en het reeds hul hulp ontvang. Ander wag nog, maar ons weet die hulp sal uitbetaal word. Ek is dankbaar vir julle inisiatief.

Hiermee 'n **ernstige versoek** dat alle gemeentes asseblief aansoek moet doen. Die werkgewer doen namens die personeel aansoek. Dit sal baie swaar wees om later te verneem gemeentes én gemeentepersoneel worstel finansiëel, maar het nie die roete van TERS-hulp gevolg nie. Dit is eintlik ondenkbaar.

Waak teen 'n situasie waar gemeentes werknemers wat nie kan werk nie (soos skoonmakers) nie tydens inperking vergoed nie, en ook nie vir hulle uit die TERS aansoek doen nie. Dit sal 'n klad op die kerk van die Here se naam wees.

2. HOE OM AANSOEK TE DOEN

Vra jul ouditeur om hulp wanneer en soos benodig. Vir my is die beste opsie eintlik om kundige hulp te benut in die aansoekproses.

Om namens jou werknemers aansoek te doen vir voordele uit die Covid-19-Tersskema moet jy 'n e-pos stuur aan covid19ters@labour.gov.za. Hierna sal jy 'n geoutomatiseerde antwoord ontvang met instruksies

hoe om verder te werk te gaan. Daarna gaan jy met hierdie instruksies na die webportaal waarop <https://uifecc.labour.gov.za/covid19/>. Dit word die "UIF Online COVID-19 Portal" genoem.

Wanneer die kassier / finansiële beampte hierop ingaan, registreer jy in die eerste plek die werkgewer, en vul daarna die besonderhede van die werknemers in. Natuurlik kan net geëis word vir werknemers vir wie werkloosheidsversekering oorbetaal word. Sien ook **BYLAAG A** aan die einde van hierdie skrywe met addisionele hulp.

In die geval van gemeentes kwalifiseer alle werknemers.

Die keurdatum vir eise is normaalweg die laaste werksdag van die maand, maar moenie so lank wag nie. By die skryf word aansoeke vir Mei-maand nog nie hanteer nie, maar die verwagting is dat die portaal iewers na 15 Mei vir Mei-maand se eise sal open. Die portaal is onder groot druk, dit is daarom noodsaaklik om nie tot die laaste te wag nie. Dalk moet jy in die middel van die nag opstaan, doen dit maar. 'n Gesertifiseerde bewys van die werkgewer se bankrekening is ook nodig. Dit kan van jou bank se internet bankportaal afgelaai word.

3. HOE WORD TERS IN GEMEENTES TOEGEPAS?

3.1 TERS plus 'n aanvulling

Die beginsel is dat die bedrag wat aan TERS-hulp per werknemer ontvang word, onverwyld aan daardie werknemer uitbetaal moet word. Geen aftrekkings is teen hierdie bedrag toelaatbaar nie, en dit word ook nie vir belasting in aanmerking geneem nie.

Nadat die werkgewer die TERS-bedrag aan die werknemer betaal, word die werknemer se salaris aangevul uit die werkgewer se fondse tot 100% van die normale besoldiging. Die totaal van TERS en die aanvulling mag nie 100% van die werknemer se besoldiging voor die inperking oorskry nie, **teny** die werknemer minder as die minimumloon verdien. TERS-hulp kan dus nie – nadat dit aangevul is – tot 'n verhoging in inkomste van 'n werknemer lei nie (uitgesonderd persone wat in totaal minder as 'n minimumloon verdien, wie meer TERS as hul loon sal ontvang – sien hieronder).

Daar is gemeentes wat soveel druk ervaar dat hulle personeel se vergoeding sny. *Geen gemeente behoort salarisse te sny SONDER om vir TERS aansoek te doen nie.* Dit sal 'n growwe benadeling van die personeel veroorsaak. Indien die krisis werklik groot is, kan ooreengekom word om TERS plus 'n aanvulling tot – sê – 90% van die normale vergoeding te betaal.

Let op dat bewys later gelewer moet word dat die TERS-fondse volledig aan alle werknemers oorbetaal is.

3.2 Glyskaal en minimum-betaling

Aangesien TERS met 'n glyskaal werk, word werknemers wat minder verdien meer bevoordeel as werknemers wat meer verdien. Vir April, bereken op 35 dae van inperking (27 Maart tot 30 April), het werknemers aan die heel onderpunt (minimumloon) sowat R4,000 ontvang, en werknemers aan die bo-punt (leraars) sowat R7,000. Vanaf Mei sal die bedrae verminder, aangesien hulp vir minder dae gegee sal word (31 versus 35).

Selfs wanneer 'n werknemer, soos 'n tuinier, net vir 'n dag of twee per week in diens van die gemeente is, het daardie werker die volle bedrag op minimum-vlak van TERS ontvang. Daardie bedrag moet onverwyld net so aan die werknemer oorbetaal word, selfs al is dit heelwat meer as sy/haar gewone besoldiging.

Hieroor het ek verskeie navrae ontvang. Kan ons 'n groter bedrag (volle TERS) uitbetaal as wat die werknemer by ons verdien? Die antwoord is JA. TERS gee die geld via die gemeente as werkgever teen 'n minimum-vlak, al is dit meer as die verdienste van die werknemer. Werkgewers kan nie van die geld terughou of die uitbetaling oor 'n langer tyd versprei nie. Dit is 'n statutêre oortreding. Voorts het werknemers op lae besoldigingsvlakke ook uitgawes en benodig die fondse. Moenie dit probeer beheer nie.

Die werkgever is bloot die kanaal waardeur die staat aan werknemers hulp verleen. Moenie die kanaal blok nie.

3.3 Belastingvry

Let op dat die TERS-voordeel heeltemal belastingvry is. Belasting en WVF word dus nie hiervan afgetrek nie. TERS kan op die salarisstrokie getoon word. In effek sal werknemers wat TERS plus 'n aanvulling ontvang dus minder belasting betaal. Vir werknemers wat 'n belastingaanslag aan die einde van die jaar op Efiling voltooi, kan dit op een van twee maniere hanteer word: in die spesifieke maand deur minder LBS te hef, of deur die gewone LBS te hef wat die werknemer aan die einde van die belastingjaar dan 'n groter terugbetaling sal gee.

Geen pensioen of medies mag vanaf TERS verhaal word nie. Die gemeente moet 'n aanvulling maak wat 'n nul-effek veroorsaak.

Nota: Raadpleeg jul ouditeur rondom alle berekeninge.

4. NUTTIGE BRONNE

Let op BYLAAG A aan die einde van hierdie skrywe met nuttige dokumente vir die aansoekproses.

Die volgende help met agtergrond:

- [SAICA-omsendskrywe](#) oor TERS (SA Instituut vir Geoktrooieerde Rekensmeesters)
- [Berig op Netwerk 24](#) oor uitbetalings vir TERS-eise

Sterkte met julle belangrike werk.

Vrede,

Danie Mouton
Direkteur Sinode

Blaai om vir Bylaag A

BYLAAG A

DOKUMENTE BENODIG OM VIR TERS AANSOEK TE DOEN

Wanneer jy 'n e-pos stuur aan covid19ters@labour.gov.za kry jy tans (op 15 Mei 2020) die volgende e-pos met dokumente:

Dear Employer

Kindly note that the UIF have developed an on –line portal to lodge claims under the COVID19 Temporary Relief Scheme

Please use the Easy Aid and On – Line guide document attached to assist yourself through the process Employee details template is also attached with the guideline document to assist employers who want to attach a CSV FILE instead of capturing employees details on the on –line platform.

Employees Bank Account details is a mandatory requirement in the Employee details template

Please note link to the portal : <https://uifecc.labour.gov.za/covid19/> OR www.labour.gov.za click Online Service then select Covid 19 Ters online Applications

Regards

Unemployment Insurance Commissioner

Attachments:

[Doc A](#): Copy of National Disaster Payment Excel Template

[Doc B](#): Easy Guide 1

[Doc C](#): Guidelines to Convert Excel to CSV

[Doc D](#): Online Guide Document

Die volgende dokumente word benodig om aansoek te doen vir TERS (dit word gemerk dokumente 1 en 4, met skakels na die dokumente hieronder)

[KLIK HIER vir dokument 1:](#)

Kol A: Die UIF Ref. No is die 9 digit nommer wat 'n "/" bevat (en nie die nommer wat met 'n "u" begin nie)

Kol B: 1-APR-2020

Kol C: 30-APR-2020

Kol D: Maatskappy "trading name"

Kol E: Maatskappy se PAYE nommer, indien julle nie een het nie, los sel net oop.

Kol F: Ek stel voor julle maak hierdie die maatskappy kontaknommer

Kol G: Maatskappy e-posadres

Kol H, I J: ID-/paspoort-nommer, volle naam en van elke werknemer

Kol K: Maandelikse salaris (sonder kommas bv. 3960.50)

Kol L: werknemer begin datum

Kol M: laaste dag voor shutdown-periode (26-MAR-2020) – let op na formaat van datums

Kol N: 3500

Kol O: 0

Kol P, Q, R, S: Werknemer bank besonderhede

Kol T: kies opsie 2 (pay to employer)

[KLIK HIER vir dokument 4:](#)

Dit is die sigblad wat die maatskappy se bankbesonderhede aandui. Hierdie moet saam met 'n gestempelde bank brief ingehandig word.

Die volgende payroll inligting kan ook solank saamgestel word, dit is nie nodig vir die aansoek nie, maar dit word benodig wanneer die rekonsiliasie gedoen word:

- Die laaste 3 maande se payroll verslae (CTC en PAYE, UIF en SDL aftrekkings moet wys),
- EMP201 van Des, Jan, Feb. en Maart 2020; en
- EMPSA (SARS statement of account) van 2020 en 2021